# Openbaring 14

Bybelstudie 12

1

| 197: Toe die kerk gegroei het, hoekom het die Grieke teen die Jode gemurmureer? | | | |
|---|---|---|---|
| Hulle het die wet van Moses nagelaat | Hulle weduwees is verwaarloos | Hulle moes besny word | Hulle het Apollos aangehang |

| 198: Wie het die opstandige skare in Efese tot bedaring gebring? | | | |
|---|---|---|---|
| Senturion | Stadsklerk | Prokonsul | Rabbi van die sinagoge |

| 199: Van watter stad het Lidia, die purpurverkoopster, gekom? | | | |
|---|---|---|---|
| Filippi | Athene | Troas | Tiatira |

| 200: Hoeveel dae het verloop tussen Jesus se opstanding en hemelvaart? | | | |
|---|---|---|---|
| 20 | 30 | 40 | 50 |

| 201: Wie het die oudste geword? | | | |
|---|---|---|---|
| Adam | Enos | Lameg | Metusalag |

| 202: Jakob se jongste, gebore in die Beloofde Land, was: | | | |
|---|---|---|---|
| Dan | Benjamin | Naftali | Josef |

| 203: Wie was Rebekka se vader? | | | |
|---|---|---|---|
| Betuel | Nahor | Tera | Lot |

2

**197: Toe die kerk gegroei het, hoekom het die Grieke teen die Jode gemurmureer?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hulle het die wet van Moses nagelaat | Hulle weduwees is verwaarloos B: Handelinge 6:1, 2 | Hulle moes besny word | Hulle het Apollos aangehang |

**198: Wie het die opstandige skare in Efese tot bedaring gebring?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Senturion | B: Handelinge 19:35 | Prokonsul | Rabbi van die sinagoge |

**199: Van watter stad het Lidia, die purpurverkoopster, gekom?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Filippi | Athene | Troas | D: Handelinge 16:14 |

**200: Hoeveel dae het verloop tussen Jesus se opstanding en hemelvaart?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20 | 30 | C: Handelinge 1:3 | 50 |

**201: Wie het die oudste geword?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Adam | Enos | Lameg | D: Genesis 5:27 |

**202: Jakob se jongste, gebore in die Beloofde Land, was:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dan | B: Genesis 35:16-19 | Naftali | Josef |

**203: Wie was Rebekka se vader?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| A: Genesis 24:24 | Nahor | Tera | Lot |

3

1. Wat is die verband tussen hierdie 144 000 en die 144 000 van Openbaring 7?

Dieselfde
Motivering:

- Berg Sion = tempelberg ➔ dus die kerk
- Verseël op voorkoppe
- Verlosser by hulle

2. Watter verband is daar tussen die merk in 14:1 en 13:16?

Teenoorgesteldes:

- Geskryfde merk gee vrede en verlossing
- Gedwonge merk verslaaf.

4

3. Wat sê Johannes se beskrywing van die klanke vir ons?

Geluid uit hemel → Openbaring 11:15 met die blaas van die 7e trompet: God se Koninkryk

Groot watermassa → Openbaring 17:15 / 19:1: Groot menigte: Prys die Here

Donderslag → Almal! Gee aandag!

Siterspelers → Tempelinstrument vir lofsange (13 keer in Psalms)

Nuwe lied → Nuwe lied: slegs uitverkorenes sal dit sing!



5


4. Skets verse 4 en 5 'n voorwaarde vir die uitverkiesing? Motiveer u antwoord.

Nee!

- God stel geen voorwaarde vir die uitverkiesing nie.
- Vroue besoedel → Openbaring 17 – nie deel van praktyke van Babilon
- Bedrog → eie voordeel uit Babilon

6

5. Wat is die verband tussen "vrees God" en die oordeel?




7

6. Hoe moet ons "al die nasies" (8) verstaan?

Die bewoners van die aarde.
Nie een volk is verhewe bo die verleiding van Satan nie – nie eens die Jode nie.

8

7. Is daar kleiner en groter strawwe (vergelyk vers 10 met Lukas 10:13-15)?

"Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. [14] Maar vir Tirus en Sidon sal dit ***in die oordeel draagliker wees*** as vir julle. [15] En jy, Kapernaum, dink jy jý sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal!

Afleiding: Hel is die ewige pyniging van die ongelowige.
Tog is daar onderskeid tussen diegene wat God nie geken het nie en hulle wat God verwerp het.

Heiden-ongelowige: ek het verkeerde gedoen. Ek het God nie geken nie.

Heiden-gelowige: ek het God geken maar wou Hom nie dien nie.

***Draagliker*** impliseer dus dat die oordeel van God erger is vir die heiden-gelowige as die heiden-ongelowige.

9

8. Wat leer vers 11 ons oor die verantwoordelikheid van die mens ten opsigte van sy godsdiens (vergelyk die 2 vertalings!)?

En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en dié wat die merk van sy naam aanvaar."

Die oorspronklike Grieks kan met enige van die twee woorde vertaal word.

Verantwoordelikheid: 'n Mens het nie altyd 'n keuse wat jy ***ontvang*** nie, maar wel in wat jy ***aanvaar***.

Scinario moontlik dat jy iets ***ontvang***, maar nie noodwendig ***aanvaar*** nie.

Hier het die ongelowiges die merk ***ontvang***, en dan doelbewus ***aanvaar***.

Gelowiges kan die merk ***ontvang***, en dan doelbewus ***nie aanvaar nie***.

10

9. Wanneer word hierdie oordeel aangekondig?

Die oordeel is reeds uitgespreek, maar word 'n werklikheid sou jy dit ***aanvaar***.

10. Waarom het die gelowiges volharding nodig?

Jy kan die "merk" ontvang, en die verleiding gaan baie groot word om dit te ***aanvaar***.

11. Waar lees ons dat Jesus op die wit wolk sal verskyn?

Nêrens!
Handelinge 1:9 – 11 word wel gesê dat Jesus sal terugkom soos hulle Hom sien opvaar het – maar geen kleur word genoem nie.

11

12. Wat simboliseer die kroon?

Koning, heerser. Goud: duursaam.

13. Waarom het Jesus juis 'n sekel in die hand?



Hy is die regeerder, maar ook die een wat oordeel. Die sekel was die instrument waarmee die oes van die lande afgehaal is

Sny af as die oes ryp is.

Oes word gradeer en sorteer.

Blare word eenkant gegooi.

Let op: geen gewas word op die naam genoem nie.

12

14. Waarom is daar nog 'n engel met 'n sekel?

Lees Matteus 13! Daar word ook gepraat van die oordeel, ook van die laaste dae.
Vers 49: *die engele sal uitgaan en die slegtes skei van die goeie.*
God gebruik die engele.

Hier word gespesifiseer wat geoes word: wingerd

15. Wie is die wingerd wat afgeoes word?

Jesaja 3! Kerk is die wingerd.

Hier word die druiwe in die parskuip van God se woede gegooi.

Afleiding: God se toorn verskriklik oor mense wat in die verbond gebore word of ingebring word en dan hulle rug op Hom draai.

13

16. Verklaar die 1600 kilometer.

40 x 40. Herinner aan die 40 dae en nagte van die sondvloed – ook God se toorn. Nou net 40 maal erger: finale oordeel.

17. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

God se oordeel is ’n realiteit

God se genade is ’n realiteit

Ons het die verantwoordelikheid om te reageer op God se genade.

14